

Globalisering en 'n verdeelde gemeenskap in Suid-Afrika

Globalisation and a divided community in South Africa

PIETER WAGENER

Fakulteit Regte, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit,
Port Elizabeth
pcwagener@axxess.co.za



Pieter Wagener

PROFESSOR PIETER WAGENER is 'n voormalige hoof van die departement toegepaste wiskunde aan die universiteit van Fort Hare. Sy kwalifikasies sluit in 'n BA (Afrikaans, Wysbegeerte), nagraadse diplomas in rekenaarwetenskap en arbeidsreg, magistergrade in chemie, wiskunde, fisika en arbeidsreg, PhD in toegepaste wiskunde en 'n LLD tesis oor die invloed van globalisering op mense- en arbeidsregte in die SAOG (beplande inhandiging: 2008). Hy is die skrywer van etlike kortverhale, waarvan twee bundels, *Boereboeddhiste* (H&R) en *Mantrakolie* (Protea) verskyn het. Tans is hy 'n navorsingsmedewerker in die Eenheid vir Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg in die Regsfakulteit van die NMMU, Port Elizabeth. Sy akademiese navorsing is gesentreer in die ontwikkeling van 'n swaartekragteorie, asook die ontwikkeling van internasionale, arbeidsgerigte wetgewing. Ook is hy besig met 'n geskiedskrywing van die ontwikkeling van fisika in Suid-Afrika, biografieë van SA kunstenaars, wiskundige handleidings vir skole, die vestiging van 'n Afrikaanse kultuursentrum in die Oos-Kaapse platteland en die versameling van geskiedkundige materiaal oor die Oos-Kaap.

PROFESSOR PIETER WAGENER is a former head of the department of applied mathematics at the university of Fort Hare. His qualifications include a BA (Afrikaans, Philosophy), postgraduate diplomas in computer science and labour law, masters' degrees in chemistry, mathematics, physics and labour law, PhD in applied mathematics, and a LLD thesis on the influence of globalisation on human rights and labour law in the SADC (to be submitted in 2008). He is the author of a number of short stories, of which two collections, *Boereboeddhiste* (H&R) and *Mantrakolie* (Protea) have been published. Presently he is a research associate in the Labour Law Unit in the faculty of Law at NMMU, Port Elizabeth. His academic interest is centred in the development of a theory of gravitation, as well as the development of international labour law. He is also busy writing a history of physics in South Africa, biographies of SA artists, mathematics guides for schools, the establishment of an Afrikaans cultural centre in the Eastern Cape *platteland* and the collection of historical material about the Eastern Cape.

ABSTRACT

Globalisation and a divided community in South Africa

Globalisation is characterised by the economic control of national economies by two entities: multinational enterprises (MNEs), with their foreign direct investment (FDI) policies, and the international financial institutions, which place neo-liberal economic conditions on loans and economic aid to developing countries.

We analyse these influences on the socio-economic structure of the South African community, with special reference to the existence of two disparate developed groups in the country.

These two groups, depicted by convention as white and black, respond in different ways to the socio-economic effects of globalisation. The white group is part of the cultural heritage of globalisation, as driven predominantly by European industrialised countries, and is not adversely affected to the same extent as the black group, which has been catapulted into the global era.

To analyse the consequences of the impact, we look at five main periods of socio-economic transformations in European, or Western, history. These correspond approximately to:

- *The period from the Magna Carta of 1215 to the establishment of a parliamentary democracy in England after the execution of Charles I in 1649;*
- *The Industrial Revolution from about 1760 to 1830;*
- *The period from the American and French revolutions to the end of World War II (~1780-1946);*
- *The Atomic Age from World War II to about 1990;*
- *The present Global Age.*

If we combine the second and third transformations we have successive periods of 434, 200, 40 and 15 years. The acceleration of the transformation periods had disruptive effects on the sociological structure of Western society. This structure changed along the periods successively as rural farming, industrial workers, general commerce, technological society and the global village. European society adapted to these transitions over centuries, but the countries of Africa did not have that leisure.

Black society now has to cope with aggressive marketing campaigns and peer pressure to transform previously predominant rural societies into consumer ones. One result is reminiscent of European transformation during the second to third periods, which is described as "A society in which all members had relations of obligation and reciprocity to all others gave way to one in which individuals in their different roles were cut off from each other, and related to each other only within the marketplace." This reflects the present change in South Africa from the mutual concern of ubuntu to the competitive style of commerce and consumerism.

This acculturation is showing deleterious effects on black society. Previously unknown Western-type diseases such as heart disease and diabetes are emerging as major killers. Obesity is becoming rampant due to changes in eating habits, encouraged by advertising campaigns of fast-food MNEs.

Another consequence of modern marketing campaigns is the encouragement of debt. This is a worldwide phenomenon, but in Africa it can lead to serious political instability and social unrest. Uncontrolled debt leads to unreasonable demands for higher salaries, which will discourage further FDI. This will lead to a downward economic spiral and an increase in unemployment.

The present collapse of financial institutions in the US holds dire consequences for the economies of emerging markets. It is expected that the flow of funds to the developing world could be cut by 25%, making it imperative that South Africa, the industrial dynamo of Africa, uses all of its human and industrial resources to soften the blow to this continent. In this regard the continual loss of white expertise to the developed world should be reversed as a matter of urgency.

The upper middle class white sector in South Africa has adapted relatively effortlessly to global changes, which has resulted in a widening gap in affluence between white and black. The success of the white sector can be ascribed to its historical exposure to globalisation and finding methods to deal with it. The Afrikaner, in its isolation in the past, has been particularly adroit in adapting successfully to global changes. In this regard the white sector, especially its entrepreneurs, must be seen as an asset in competing in the new global economy and that economic development in South Africa is dependent on a greater involvement of this group. For this reason urgent consideration must be given to relax the strictures of affirmative action.

KEYWORDS: Globalisation, labour rights, development, debt burden, Africa.

TREFWOORDE: Globalisering, arbeidsregte, ontwikkeling, skuldlas, Afrika.

OPSOMMING

Die verskil in invloed van globalisering op wit en swart gemeenskappe in Suid-Afrika word betrag vanuit 'n sosio-ekonomiese gesigspunt. Hierdie invloede kan in perspektief gesien word deur te kyk na die hoofperiodes van maatskaplike veranderings in die Westerse wêreld gedurende die afgelope 800 jaar. Die blanke in Suid-Afrika, in besonder die Afrikaner, is erfgename van hierdie veranderings en kon in Afrika tred hou met die globale veranderings van die onlangse verlede. Die swart bevolking, daarenteen, is nou skielik in die globale era gewerp. Met die gevolglike akkulturasie ontwikkel nou voorheen onbekende “Westerse kwale” soos hartvatsiekte, diabetes en vetsug. Globalisering, met die aggressiewe bemarkingstegnieke van multinasionale maatskappye, tesame met groepsdruk, veroorsaak boonop 'n ongebreidelde skuldlas. Hierdie skuldlas plaas groter druk op werkgewers vir verhoogde salarisse, wat op sy beurt kan lei tot die onttrekking van buitelandse beleggings en toenemende werkloosheid. Hierdie spiraal kan verder lei tot politieke onrus.

Vanweë sy agtergrond, kan die blanke 'n noodsaaklike rol speel in die globale ekonomiese wedloop. Om dit te verstewig, sal die beperkings van swart bemagtiging heroorweeg moet word.

1. INLEIDING

Kritiek op die invloed van globalisering bestaan uit populistiese demonstrasies, in besonder dié in Seattle en Genoa, van kommentatore (Chomsky 2000; Klein 2001; Falk 1999), regsgeleerdes (Hepple 2005) en ekonome (Stiglitz 2002). Oorhoofs val die klem op die miskenning van menseregte, wat ook die kategorieë van kulturele, kinder-, omgewings-, vroue-, burgerlike en sekerheidsregte insluit. Verder word beweer dat globalisering die gaping tussen die ryk en arm lande vergroot (BBC News 2003; Rossouw 2006:259).

Voorstanders van globalisering word gevind in die liggame wat globalisering dryf, soos die Wêreldbank (WB), Wêreldhandelsorganisasie (WHO), Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en Wêreld-Ekonomiese Forum (WEF), waar ekonomiese modelle van globalisering voorgedhou word as 'n onafwendbare, maar nogtans voordelige ontwikkeling vir die wêreld se volkere. Hierdie modelle word dan ook meestal op die Derde Wêreld, oftewel ontwikkelende lande, afdedwing deur voorwaardes te koppel aan buitelandse hulp en direkte buitelandse investering (DBI). DBI word toegepas deur die handelsarm van bogenoemde liggame, naamlik private multinasionale maatskappye (MNM). Hierdie maatskappye, met hul hoofkantore in die ontwikkelde lande, voorsien kapitaal om nuwe maatskappye in 'n gasheerland te vestig, of om bestaande maatskappye in sodanige lande oor te neem. In teenstelling met binnelandse maatskappye, met hul kapitaal hoofsaaklik plaaslik vasgelê, kan MNMe met bloot 'n boekinskrywing hul fondse na ander lande verplaas.

Hierdie modelle word deur kritici as neo-liberalisties beskryf (Chomsky 2000; Klein 2001; Falk 1999) en word gekenmerk deur wat bekend staan as die Washington konsensus, d.w.s. die bepalinge van die WB, WHO en IMF, wat bestaan uit fiskale beperkings, privatisering en die oopstel van markte. Met die eerste oogopslag kom hierdie bepalinge voordelig voor, maar vir opkomende lande blyk dit nou noodlottig te word (Stiglitz 2002).

Die globaliseringsdebat onderskei dus tussen twee kontrasterende groepe: die ontwikkelde lande as dryfveer van globalisering en die ontwikkelende lande aan die ontvangkant. Vanuit Afrika word strategieë aangewend om 'n ewewig in hierdie magspel in te stel, of, soos in die omgangstaal gestel, die speelveld gelyk te maak. Hieronder tel die Nuwe Ekonomiese Vennootskap vir Ontwikkeling in

Afrika (NEPAD),¹ 'n oproep tot 'n Afrika Renaissance en die stigting van die Pan-Afrika parlement. Dis nog te vroeg om die sukses, al dan nie, van hierdie pogings te evalueer.

Suid-Afrika (SA) bied 'n unieke sosiologiese laboratorium om die uitwerking van globaliseringsmagte te ondersoek. Onlangse artikels in hierdie tydskrif het gewag gemaak van die oorsake van armoede in SA (Sien reeks artikels in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 2004). Verskeie oorsake word toegelig, maar met weinig bespreking van die sosiologiese implikasies van die ekonomiese stoomroller wat op ons afstuur. Selfs uit genoemde besprekings is dit duidelik dat 'n rasseverdeling op grond van armoede in SA bestaan. Die vraag is hoe hierdie armoede verder onder globalisering gaan ontwikkel?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet die volgende vrae ondersoek word:

1. Wat is die aard van globalisering?
2. Hoe beïnvloed dit die verhouding tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande?
3. Watter strategieë kan aangewend word tot voordeel van albei hoofgroepe om, soos ook in die omgangstaal gestel word, dit 'n wen-wen situasie te maak?
4. Hoe relevant is bostaande vrae vir SA?

Wat die eerste drie vrae betref, is daar 'n reuse korpus van literatuur waarvan sommige aangedui word in die voorafgaande verwysings. Ons beperk ons bespreking dus tot die laaste vraag.

In die RSA is twee groepe opsigtelik onderskeibaar: die blanke, wat 'n erfgenaam van eeue se ekonomiese ontwikkeling is, en die swart bevolking, wat nou byna oornag die moderne tegnologiese wêreld betree. Met hoë verwagtinge, kan bygevoeg word.

Om die betrokkenheid van die twee onderskeie groepe te waardeer, is dit insiggewend om na die beskawingspronge van die Westerse, oftewel Europese beskawings, in die verlede te kyk.

In sy boek, *The Great Transformation*, beskryf Karl Polanyi (Polanyi 1944) die ekonomiese, maatskaplike en politieke omwentelinge wat in Europa plaasgevind het, veral in Brittanje, vanaf die einde van die agtiende eeu tot die Tweede Wêreldoorlog. Polanyi se waarnemings is besonder toepaslik vandag, veral in ag genome dat die historiese omwentelinge wat hy beskryf huidiglik gereflekteer word in die veranderinge wat in Afrika plaasvind. Met verwysing na Polanyi se boek, beskryf Howard-Hassmann (Howard-Hassmann 2005) die huidige maatskaplike omwentelinge, wat deur globalisering veroorsaak word, as die *Second Great Transformation*. Haar argumente, egter, is merendeels van toepassing op die moderne Westerse wêreld. Om die invloed van globalisering op ontwikkelende lande te beoordeel, in besonder in Afrika, moet ons teruggaan na die eerste noemenswaardige maatskaplike omwenteling in die moderne geskiedenis, naamlik die toekenning van die Magna Carta in 1215. Vir ons doeleindes verwys ons na hierdie tydperk as die Eerste Transformasie en ondersoek ons die daaropvolgende transformasies. 'n Kronologiese tabel van die gebeure en geskifte rakende menseregte gedurende die transformasies word gegee deur Micheline Ishay (Ishay 2003: 357-367).

2. MODERNE MAATSKAPLIKE TRANSFORMASIES

Die eerste transformasie. Die Magna Carta is deur Koning John² toegeken ná eise deur die pous en die landelike Engelse baronne. Van die regte wat toegeken is, is die onafhanklikheid van die kerk teen monargale inmenging en die reg van alle vrye burgers om eiendom te besit en te erf. Dit het ook

¹ Gevestigde akronieme word gebruik waar toepaslik.

² Om verwarring te vermy, word oorsese vorste deur hul nasionale name aangedui.

die wil van die koning gebind tot onderhorigheid aan die regstaat. Hierdie handves, met wysigings, het 'n maatskaplike orde, bestaande uit 'n landelike gemeenskap onderhewig aan landhere, vir die volgende sewe eeue gevestig.

'n Opstand het wel in 1381 uitgebreek toe onderdaniges onder leiding van Wat Tyle vir Londen binnegeval het om o.a. teen 'n hoofbelasting en teen die vasstelling van maksimum lone gedurende die arbeidstekorte ná die Swart Pes te betoog. Hierdie beperkinge was vervat in die Statuut van Arbeiders van 1351, wat ook gepoog het om arbeidsmigrasie te beperk. Die opstand is onderdruk, maar word nogtans beskou as die eerste burgerlike opstand in Brittanje in moderne tye (Encyclopædia Britannica 2006).

'n Parlementêre stelsel het wel daarna in Brittanje ontwikkel, maar dit was eers ná die onttroning van Charles I en sy teregstelling in 1649 dat 'n parlementêre demokrasie behoorlik gevestig is. Hierdie tydperk kan as die eerste moderne maatskaplike transformasie beskou word en kan verklaar waarom geen rewolusie soos die Franse Rewolusie van 1789 in Brittanje uitgebreek het nie.

Die tweede transformasie. Die ingebruikneming van stoom het 'n oorwegend landelike gemeenskap van handwerkvervaardigers omskep in nyweraars en hul verwante handelaars. Hierdie tydperk, bekend as die Industriële Rewolusie, het geduur vanaf 1760 tot omtrent 1830. Dit was aanvanklik beperk tot Brittanje, waar 'n bestaande parlementêre stelsel die maatskaplike veranderings kon laat ontwikkel sonder noemenswaardige konflik met 'n regering.

'n Nuwe werkersklas het ontwikkel wat spesialiste in die gebruik van nywerheidstoerusting geword het. Hierdie spesialisasie van arbeid het uiteindelik ontwikkel tot die eerste moderne arbeidsorganisasies vir die bevordering en beskerming van arbeiders in hul werksomstandighede. Howard-Hassmann (Howard-Hassmann 2005:5) beskryf die maatskaplike omwenteling as sodanig:

Peasants became artisans, industrialists, members of the proletariat: they migrated from villages to cities; they moved from closed, church-based societies to open, secular communities. Most important to Polanyi was the newness of a society based only on gain, and the very rapid end of the “social,” in which previously mankind had always been embedded. Market relations took over from the relations of reciprocity and redistribution which had previously regulated social life. Land had been the basis not only of peasants' economic security but also of their feeling of connection to the places and communities of their birth. It now became a commodity to be used by landlords as they saw fit, even if such use meant expulsion of the peasants. A society in which all members had relations of obligation and reciprocity to all others gave way to one in which individuals in their different roles were cut off from each other, and related to each other only within the marketplace.

Die laaste sin herinner aan die akkulturasie wat tans in Afrika voorkom.

Die industriële rewolusie het geleidelik na ander lande uitgebrei en het omtrent 70 jaar geduur. Dit het oorvleuel met die volgende transformasie, dié van die entrepreneur.

Die derde transformasie. Ons beskou die aanvang van die derde transformasie as die Amerikaanse rewolusie van 1776 en die Franse rewolusie van 1789. In teenstelling met die parlementêre demokrasie van Brittanje, was hierdie twee lande onderhewig aan óf 'n vreemde heerser soos in Amerika, óf 'n aristokrasie soos in Frankryk. Die Franse rewolusie het handelaars en finansiers as 'n nuwe politieke mag ingelui. Die landelike gemeenskap, of kleinboere, het grotendeels buite die rewolusie gebly en was selfs gekant daarteen. Groot skaalse wreedhede is teenoor hulle gepleeg (Von Kuehnelt-Leddihn 1991). Hulle het omtrent 30% van die tereggesteldes verteenwoordig, terwyl die aristokrasie ongeveer 8% was.

Beide in Amerika en Europa het die onafhanklikheid van die gewone burger en sy individualisme gelei tot private inisiatief en die ontwikkeling van moderne handel.

Hierdie tydperk het met die Tweede Wêreldoorlog (WO II) geëindig en het omtrent 140 jaar geduur.

Die vierde transformasie. Die vierde transformasie duur vanaf die einde van WO II tot omtrent die 1980's. Gedurende hierdie tydperk van 80 jaar het nuwerwetse materiale en tegnologieë ontwikkel uit die behoeftes van die oorlog: Plastiek, sintetiese brandstowwe, neweprodukte van steenkool as plaasvervangers vir natuurlike produkte, elektroniese kommunikasie en bowenal die atoombom en kernenergie. Interkontinentale missiele met kernkoppe het die planeet laat krimp tot waar elke kol blootgestel is aan vyandelike aanvalle. Die gevolglike vrese, gekoppel aan die Koue Oorlog, het 'n angstige jaagtog op tou gesit, wat op sy beurt gelei het tot nuwe tegnologieë, veral in rekenaars en kommunikasie. Die wêreld het inderdaad die globale gemeenskap betree.

Die vyfde transformasie. Ons het nou die vyfde transformasie betree, wat ook as die globale era beskryf word. Dit het begin met satellietkommunikasie en rekenaartegnologie en het op dreef gekom in die 1990's, skaars 18 jaar gelede. Dit kenmerk een van die ingrypendste sosio-ekonomiese omwentelings in die geskiedenis. Die tempo van verandering steek die pogings verby van geskiedskrywers, maatskaplike kommentatore en bowenal regsgeleerdes, om tred te hou.

Indien ons die tweede en derde transformasies saamvat, sien ons dat die opeenvolgende transformasies respektiewelik 700, 180, 40 en 15 jaar geduur het. Ons leef in versnelde tye en ons moet onself afvra wat uit die vorige transformasies geleer kan word, asook of ons die tyd gegun gaan word om weldeurdagte oplossings te vind wat op die lesse van die verlede gegrond is.

2.1 Implikasies

Bogenoemde transformasies is gedryf deur Europeërs en die tempo van die verandering is alleenlik bepaal deur die vaardighede van die innoveerders. Die grootste deel van die res van die bevolking het gewoonlik vinnig by die gepaardgaande kulturele verandering aangepas. Hierdie bevolkings het ook grootliks as homogene groepe in Noord-Amerika en Wes-Europa ontwikkel. Daar moet gelet word op die toenemende tempo van die verandering, vanaf 700 tot 15 jaar per tydvak.

Die Afrika kontinent het tot met dekolonialisering nie as 'n geheel deel gehad in hierdie transformasies nie, en ook maar net tot 'n beperkte mate daarna. Met globalisering word hierdie kontinent nou in die nywerheidslande se arena geslinger van hoë tegnologie, snelle kommunikasie, snelvoedsel en snel alles. In SA sien ons 'n skielike akkulturasie, gedryf deur kommersiële reklame, om landelike bevolkings te omskep in verbruikersgemeenskappe. Dit is nog te vroeg om die voordele of nadele van hierdie akkulturasie te evalueer, maar ons kan hierdie verandering vergelyk met dié waarna Howard-Hassmann hierbo verwys. "A society in which all members had relations of obligation and reciprocity to all others" is 'n beskrywing van "oëboentoe," en hierdie menslikheid van Afrika word nou verweer deur die wedywering en nyd kenmerkend van 'n kommersiële sisteem. Benewens toename in sielkundige stres, verander eetpatrone so vinnig dat voorheen "Westerse kwale" soos hoë bloeddruk, hartvatsiektes en diabetes nou hul tol begin eis. Tydens 'n internasionale kongres in September 2006 oor vetsug het die Suid-Afrikaanse afgevaardigde, Professor Tess van der Merwe, verklaar dat "trade channels were mobilised by the first world to offload food in the third world because of overproduction in the first world." (*Weekend Post* 2006:1). Sy het gewaarsku dat hierdie voedsel – hoofsaaklik suiker of stowwe met hoë onversadigde vette – 'n vetsugepidemie in die derde wêreld aandryf. Statistiek RSA se volwassesterfteverslag van September 2006 toon dat sedert 1997 sterftes

a.g.v. oorgewig en diabetes met 35 persent toegeneem het vir mans en met 18 persent vir vrouens. Dit word verwag dat die syfers gaan verdubbel oor die volgende 10 tot 15 jaar (StatsSA 2006).

Tans word die globaliseringsdebat bepaal deur normatiewe faktore soos konvensies en regsbeginsels, en word die substrata van kulturele trauma meestal geïgnoreer. Hiervoor is 'n ontkenning van die probleem deur die breë gemeenskap grotendeels verantwoordelik.

Die beskuldiging van kulturele imperialisme word gereeld na internasionale liggame gewerp wat poog om menseregte van Westerse oorsprong op Afrika af te dwing. Howard-Hassmann (Howard-Hassmann 2005:18) kritiseer dit as volg:

And it appears that globalization is forcing onto an unwilling world the conditions of early Western European capitalism, ignoring the international human rights laws that now prohibit those conditions. According to Richard Falk, neo-liberal capitalism is characterized by “liberalization, privatization, minimizing economic regulation, rolling back welfare, reducing expenditure on public goods, tightening fiscal discipline, favoring freer flows of capital, strict controls on organized labor, tax reductions, and unrestricted currency repatriation” [Falk 1999]. Falk’s description fits the picture of the conditions often imposed by the International Monetary Fund on borrowing countries [Stiglitz 2002:43-52]. In effect, the IMF imposes these conditions without regard for the immorality implicit in forcing non-Western, mostly nonwhite human beings of the late twentieth and early twenty-first centuries to live in conditions known to have been intolerable in the white West two centuries ago.

Indien daar nie gehoor gegee word aan hierdie protesterende stemme nie en hulle bloot afgeskryf word as agterlik of oningelig, bestaan 'n gevaar dat pogings om die nadele van globalisering in die ontwikkelende lande te beperk, vertraag kan word of selfs die pad byster kan raak. Hierdie siening word deur Kleynhans beklemtoon in sy bydrae in hierdie tydskrif (Kleynhans 2004).

3. SKULD AS 'N LEEFWYSE

Die Groot Depressie van die 1930's was 'n skok vir die vryemarkdoktrine. Vir die eerste keer is beseef dat die kapitalistiese sisteem gebrekkig is en tot grootskaalse werkloosheid kan lei. Tot konsternasie van die Weste was dit juis die gebreke wat in die kommunistiese ideologie uitgewys word. Om 'n soortgelyke krisis in die toekoms te verhoed, het 'n groep finansiers en regeringshoofde in Julie 1944 te Bretton Woods, New Hampshire saamgekom. Die byeenkoms het bekend geword as die VN Monetêre en Finansiële Konferensie.

Die Keynesiaanse teorie van ekonomie is by hierdie konferensie gebore. Stiglitz (Stiglitz 2002:11) som dit as volg op:

The British economist John Maynard Keynes, who would later be a key participant at Bretton Woods, put forward a simple explanation, and a correspondingly simple set of prescriptions: lack of sufficient aggregate demand explained economic downturns; government policies could help stimulate aggregate demand. In cases where monetary policy is ineffective, governments could rely on fiscal policies, either by increasing expenditures or cutting taxes. While the models underlying Keynes’s analysis have subsequently been criticized and refined, bringing deeper understanding of why market forces do not work quickly to adjust the economy to full employment, the basic lessons remain valid.

Daar is egter 'n onderliggende nadeel aan die skeep van “aggregate demand,” oftewel versamelde aanvraag: die skeep van verbruikerskuld.

Voor Bretton Woods is skuld aangegaan vir ontwikkeling of vir gebeurlikhede. Die doktrine van versamelde aanvraag het hierdie ekonomiese omgewing verander van “wat ons nodig het” tot “wat ons wil hê.” Hierdie verandering het die geboorte van die verbruikersgemeenskap ingelui.

Huurkoop was ’n onbekende begrip voor die Depressie; nou is dit deel van ons alledaagse lewe, indien nie ’n vereiste vir die groei van ’n land se ekonomie nie. Verbruikers word nou deur reklame, maar veral deur groepsdruk, aangemoedig om op skuld te koop, en selfs voorheen landelike gemeenskappe word in hierdie maalstroom ingetrek.

In beginsel word beskerming teen skuldverslawing gebied deur die vasstelling van rentekoerse deur ’n sentrale regeringsbank. Die vrese vir hoër rentekoerse blyk egter geen belemmering te wees vir koop op krediet nie (*Die Burger* 2007:9) en stimuleer eerder eise vir hoër salarisse. Onrealistiese salariseise sal besighede laat sluit, wat presies die werkloosheid sal skep wat Keynes wou verhoed het.

Hierdie scenario voorspel ekonomiese en politieke chaos in ontwikkelende lande. MNMe sal alleenlik in lande belê waar daar ’n aansienlike en vrye vloei van kapitaal is, d.w.s. in ’n verbruikersklimaat wat winste besorg. Waar die winste egter verweer word deur onrealistiese salariseise sal DBI net ingekort word. Waar die vloei van kapitaal ook nie gerugsteun word deur die ontwikkeling van nywerhede en dienste nie, sal ’n inflasiespiraal tot ekonomiese ineenstorting lei. ’n MNM sal dan net sy tentpenne lig en verskuif na ’n ander “ontwikkelende” land.

Werkskepping is ’n kritieke aspek van die ekonomiese ideologie van die SA regering. Maar werkskepping en verbruikerskuld voer nou ’n potensiele dodedans uit. Sonder die nodige DBI om nuwe nywerhede of dienste te skep, sal werksgeleenthede daal en ’n kunsmatige welvaart gegronde op verbruikerskuld verder uitgebrei word. Hierdie welvaart kan net van korte duur wees. Die langtermynresultate kan ekonomies en polities ramspoedig wees (RSG 2007). Die huidige arbeidsonrus dui op tweespalt tussen die SAKP en COSATU aan die een kant, en die ANC aan die ander kant oor juis hierdie siening van ekonomiese welvaart. Die ANC moet self ’n eierdans uitvoer om beide die georganiseerde arbeid en MNMe te akkommodeer. Die Zimbabwe alternatief kan nie ’n opsie wees nie.

Globalisering hou ook ’n direkte bedreiging in vir arbeidsverhoudinge in SA. Veral Asiatiese lande met laer arbeidstandaarde ding op ongelyke vlak met plaaslike nywerhede mee. Die balans tussen arbeid en welvaart is egter nie eenvoudig nie. In ’n toespraak op 13 Junie 1997 pleit die destydse minister van arbeid, Tito Mboweni, dat werkers in SA beskerm moet word teen sodanige ongelyke mededinging (Mboweni 1997). In September 2006, egter, spreek hy as president van die reserwebank hom uit teen invoerkwotas vir tekstielware vanuit Asië (Mboweni 2006).

3.1 Die huidige wêreldwye finansiële ineenstorting

Die huidige ineenstorting (Julie – September 2008) van lank-gevestigde banke in die ontwikkelde lande, die VSA in besonder, is ’n onheilspellende simptome dat alles nie meer volgens die Keynesiaanse doktrine verloop nie. Persoonlike skuld las het so toegeneem dat die *US National Association for Business Economics* (NABE) in Augustus 2007 gewaarsku het dat “The combined threat of subprime loan defaults and excessive indebtedness has supplanted terrorism and the Middle East as the biggest short-term threat to the US economy.” (NABE 2007). Terselfdertyd het die persoonlike skuld las in Brittanje sodanig toegeneem dat die Britte nou meer geld skuld as wat die nasionale ekonomie in een jaar kan genereer (*Daily Telegraph* 2007). Die hoofekonoom by die Britse firma, Grant Thornton, waarsku dat “Britain’s huge level of consumer debt is symptomatic of the country’s well-established ‘buy-now, pay-later’ culture. We can no longer generate enough yearly GDP to cover the amount we owe and need next year’s income to cover this year’s debts.” (*Daily Telegraph* 2007).

In SA het huishoudelike skuld 'n rekord 76 persent van bruikbare inkomste bereik, terwyl die koste om daardie skuld te administreer vanaf 9 persent tot 9.5 persent in die eerste kwartaal van 2007 toegeneem het (Engineering News 2007). Ongeag die waarskuwings van die President van die Reserwebank en die instelling van die Kredietwet, gaan spandabelrigheid onstuitbaar voort (Sake24 2007).

President George Bush stel nou maatreëls in werking om van die bankrot instellings te red. Lede van die Huis van Verteenwoordigers onderhandel ook vir die beskikbaarstelling van reuse bedrae vir die wankelende instellings. Wat hier gebeur, is ingryping deur die staat, in teenstelling met die fundamentele vryemarkfilosofie van Bretton Woods. Volgens hierdie filosofie moet firmas, wat nie die mas in die vryemark opkom nie, net eenvoudig tot niet gaan. Die VSA beweeg dus in beginsel in die rigting van sosialisme. Dit is ironies dat die Bretton Woods beginsel dat verbruikersskuld, oftewel “aggregate demand”, wat as teenvoeter vir sosialisme moes dien, juis nou die vryemarkstelsel kan vernietig. Die implikasies hiervan in die ontwikkelende lande, in besonder dié in Afrika, sal tot ekonomiese chaos lei. Dit word ondersteun deur die firma Morgan Stanley, wat voorspel dat kapitaalvloeï na banke in ontluikende ekonomieë met 25% gesny kan word (Morgan Stanley 2008). Dit laat hierdie lande net met een uitweg: om sover moontlik selfversorgend te wees. In hierdie opsig sal die blanke komponent van ons samelewing krities belangrik word.

4. DIE AFRIKANER EN GLOBALISERING

Die Afrikaner is in 'n besonder unieke posisie in die globaliseringsdebat deurdat hy³ met 'n voet in beide die ontwikkelde en ontwikkelende omgewings staan. Trouens, die Afrikaner is 'n produk van een van die vroegste globaliseringsprogramme, naamlik die VOC se vestiging van 'n halfwegstasie aan die Kaap. Die aanpassing by Westerse kultuurwaardes sal hom ook nie ontwig soos vir sy swart landgenote nie. Die Afrikaner kan dus gesien word as 'n bate vir Afrika as 'n geheel: 'n inboorling van Afrika met 'n Westerse vernuf om suksesvol aan die globaliseringsresies deel te neem.

Hiermee word nie bedoel om afbreuk te doen aan die bydrae van sy Engelstalige landgenoot nie, maar laasgenoemde het vir 'n groot deel van ons geskiedenis die voordeel van 'n Britse naelstring gehad.

Ons kyk kortliks na die ontwikkeling van die Afrikaner, maar nou uit die oog van 'n globaliseringswaarnemer.

Seker die treffendste voorbeeld is die groep van hoofsaaklik ongeletterde trekboere wat binne een geslag die ZAR gevestig het met 'n tegnologie gelyk aan ander in die Westerse wêreld. Die tegnologie is nou wel deur mynmagnate ingevoer, maar die uitbreiding en bestuur van die talle newenwerhede is bepaal deur 'n Afrikaner regering. In die gewapende konfrontasie met die Britse Ryk het die Britse leër spoedig ontdek dat hulle teen gesofistikeerder wapentuig as hul eie te staan gekom het.

Onder leiding van genl. J. C. Smuts is SA as 'n moderne nywerheidsland gevestig met bypassende wetenskaplike ondersteuning (Wagener 2005). Nog dramatieser is die ontwikkeling en navorsing gedurende die internasionale boikot teen SA. Gekonfronteer deur die afsny van kernmateriaal vir ons nywerhede, het 'n groep wetenskaplikes SA se eiesoortige uraanverrykingsproses ontwikkel.⁴ Van die talle ander prestasies, gebore uit nood, is SASOL se brandstofontwikkeling en DENEL se

³ Die manlike term in die sin van 'man' as 'mens' word gebruik.

⁴ Die beginsels van SA se unieke uraanverrykingsproses is ontwikkel deur Pierre Haarhoff en Wally Grant. Hierdie prestasie is persoonlik aan die skrywer deur Philip Morrisson, een van die bouers aan die eerste atoombom, beskryf as een van die merkwaardigste prestasies van die huidige tyd. Die meganisme is deur Haarhoff beskryf (Haarhoff 1976). Sien ook <http://www.cns.miiis.edu/research/safrica/>.

gesofistikeerde wapentuigproduksie en missielprogram. Baanbrekerswerk is in talle takke van die wetenskap verrig.⁵

As die stof oor die Afrikaner se politieke verlede bedaar het, behoort hy as 'n globaliseringsvennoot in Afrika gesien te word. Weens sy lang verbintenis tot die kontinent is dit die enigste inheemse groep, nou tesame met sy Engelse landgenote, wat 'n unieke Afrika strategie kan aanpas by die snelle veranderinge wat oor die kontinent spoel. In teenstelling met ingevoerde tegnokrate en investeringsmaatskappye is dit in die Afrikaner se eie belang om van hierdie kontinent 'n sukses te maak. Hierdie vennootskap kan egter net slaag indien die bydrae wat die Afrikaner kan maak, en dié van die blanke in die algemeen, nie ingeperk word deur maatreëls soos regstellende aksie nie. In hierdie verband kan ons, weereens, niemand gesaghebbender aanhaal as die president van die reserwebank nie. Tydens 'n onbytsessie in Johannesburg toe hy die dilemma bespreek het van swart amptenare wat groener weivelde soek net nadat hulle opgelei en aangestel is, het hy gesê: "I get so upset... I'm stopping this recruitment of black people. I'm okay with my Afrikaners. They stay and do the work and become experts." (Delpont 2006).

BIBLIOGRAFIE

- BBC News 2003. <http://news.bbc.co.uk/2/hi/business> [24 September 2003].
- Chomsky, N. 2000. Anti-capitalism: What Next? *Socialist Review* October, 245.
- Daily Telegraph* 23 Augustus 2007.
- Delpont, R. 2006. *Finweek*, 5 Oktober 2006.
- Die Burger*, 23 September 2006.
- Encyclopædia Britannica, Chicago 2006, inskrywing 'Peasants' Revolt.'
- Engineering News 2007. Mboweni warns on inflation, hints on rates, 6 Augustus 2007.
- Falk, R. 1999. *Predatory Globalization: A Critique*. Oxford: Blackwells.
- Haarhoff, P.C. 1976. Die helikootegniek vir isotoopverryking. *Tydskrif vir Natuurwetenskappe*. 6 (3/4): 68-126.
- Hepple. B. 2005. *Labour law and global trade*. Oxford: Hart Publ..
- Howard-Hassmann, R.E. 2005. The Second Great Transformation: Human Rights Leapfrogging in the Era of Globalization. *Human Rights Quarterly* 27(1):1-40.
- Ishay, M.R. 2003. *The history of human rights*. Univ. California Press.
- Klein, N. 2001. *No Logo*, Flamingo Books.
- Kleynhans, E.P.J. 2004. 'n Geïntegreerde benadering tot die armoedevraagstuk met inagneming van ekonomiese en kultuur. *SATGW* 44(2/3): 181 – 192.
- Mboweni, T. 1997. Toespraak deur die minister van arbeid, Tito Mboweni, by die 85ste byeenkoms van die Internasionale Arbeidskonferensie op 13 Junie 1997, Genève, *Making globalisation work for us all*.
- Mboweni, T. 2006. *Die Burger*, 23 September 2006.
- Morgan Stanley 2008. RSG nuus 29 September 2008.
- NABE (National Association for Business Economics) 2007. Subprime and Credit Top Short-Term Threats to U.S. Economy. <http://www.nabe.co./publib/pol/07/08/index.html>.
- Polanyi, K. 1944. *The Great Transformation: The Political and Economic Origins of Our Time*.
- Radio Sonder Grense (RSG) 2007. Op 6 Augustus 2007 berig RSG dat ABSA en Nedbank ernstige waarskuwings rig oor opgehopte skuld.
- Rossouw, J. 2007. 'n Kritiese beskouing van die Accra-verklaring. *SATGW*, 47(2):259-274.
- Sake24 2007. Kredietwet, hoër rente laat skuldmakers g'n spoed verloor, *Die Burger*; 1 Augustus 2007.
- StatsSA 2006. <http://www.statssa.gov.za/>. [1 Oktober 2007]
- Stiglitz, J.E. 2002. *Globalization and its discontents*. Allen Lane (Penquin Books).

⁵ Hierdie artikel moet ook erkenning gee aan 'n wêreldleier in fisiese chemie, prof. Victor Pretorius, wat in 'n ontvankliker internasionale klimaat groter erkenning vir sy baanbrekerswerk in chromatografie sou ontvang het. Pierre Haarhoff was ook sy doktorsale student.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe 2004, 44/2 & 3.

Von Kuehnelt-Leddihn, E. 1991. *Leftism Revisited (From de Sade and Marx to Hitler and Pol Pot)*. Regnery Publishing.

Wagener, P.C. 2005. *The formation of the SAIP*. SA Institute of Physics.

Weekend Post 2006. We're eating ourselves to death, Port Elizabeth, 9 September 2006,1.